MindMatters is ‘n hulpmiddel wat ontwerp is om junior en senior sekondêre skole in Australië te ondersteun in die promosie en beskerming van die geestesgesondheid van lede van skoolgemeenskappe.
MindMatters maak gebruik van ‘n eenheidsbenadering tot geestesgesondheid en welstand, gebaseer op die Raamwerk van die Verenigde Nasies, die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Gesondheidsbevorderingsraamwerk vir Skole.

MindMatters neem ‘n reeks gesondheids- en welstandsdeterminante in aanmerking, met inbegrip van die betekenis van kulturele konteks. Dit ondersteun skole en hul gemeenskappe, insluitend die onderwysers, ouers en leerlinge, om positiewe aksie te neem om ‘n klimaat van geestes- sowel as fisiese gesondheid daar te stel in junior en sekondêre skole. Die hulpmiddel sluit in:

- ‘n stel wat bestaan uit klaskamer benodigdhede vir gebruik in skole
- ‘n nasionale professionele ontwikkelingsstrategie
- ‘n toegewyde webtuiste
- Evaluasie proses en verslae

MindMatters Prestasies

- Personeel van 82% van alle skole met sekondêre leerlinginskrywings in Australië, het professionele ontwikkeling bygewoon.
- Meer as 81,000 Australiese en internasionale deelnemers het professionele ontwikkelingssessies bygewoon.
- 71% van Australiese sekondêre skole het MindMatters gebruik.
- 52% van Australiese skole wat by die ondersoek betrek is, gebruik MindMatters as ‘n hulpmiddel.
- 18% van Australiese sekondêre skole gebruik MindMatters as hul sleutelorganiseerder vir die bevordering van geestesgesondheid.

Vir verdere inligting rakende MindMatters international connections, kan Me Jo Mason, Nasionale Koordineerder, Strategiese Ontwikkeling, gekontak word by:

Tel: +61 3 8 8245 9819
Faks: +61 3 8 8346 6732
Epos: jo.mason@pa.edu.au
Posadres: P O Box 112
(9-11 George Street)
Hindmarsh
South Australia 5007
Australia

Hoe om jou belangstelling te registreer om sodoende'n lisensie te bekom om 'n doelgemaakte weergawe van MindMatters te bekom vir gebruik in jou land.

Stap 1. Vir meer inligting.

Vir meer inligting aangaande MindMatters, die Australian Government, Department of Health and Ageing en die Australian Principals Associations Professional Development Council (APAPDC).

Begin besprekings met jou regeringsgesondheids- en onderwysdepartemente.

Stap 2. Registreer jou belangstelling

Kontak Jo Mason, Nasionale Koordineerder Strategiese Ontwikkeling in Australië by + 61 8 8245 9819 of by jomason@apapdc.edu.au Projekbefondsing is nie beskikbaar deur die Australian Government Department of Health and Ageing, asook nie deur die Australian Principals Associations Professional Development Council (APAPDC) nie.

Stap 3. Aansoek proses

Doen skriftelik aansoek aan:

The Assistant Secretary
Mental Health and Suicide Prevention Programs Branch
Department of Health and Ageing
(MDP 94) GPO Box 9848
Canberra ACT 2601
Australia

Stap 4. Na goedkeuring van aansoek

Vorm 'n projekbestuurskomitee. Begin besprekings met jou plaaslike gemeenskapsgroepe en kom ooreen rakende die insluiting van relevante kulturele materiaal .

Stap 5. Goedkeuring van die verwerkte materiaal

Stuur die vertaling, asook die voorgestelde wysigings van MindMatters materiaal, vir goedkeuring na die Australian Government of Health and Ageing. Die Department of Health and Ageing sal van belangstellende groepe verwag om te voldoen aan die vereistes van spesifieke kriteria met betrekking tot die projek, wat die faktore sal reflekteer wat gelei het tot die sukses daarvan in Australië.

Woon die Vlak Een Inleidende Werkswinkel in Australië by of rig 'n versoek vir professionele ontwikkeling in jou land.

Stap 6. Implementering

Hyperlink na die MindMatters webtuiste. Begin Vlak Een Inleidende Werkswinkels.

Loods en evalueer die hulpmiddels.